GRAAD 7 SOSIALE WETENSKAPPE

WAT IS SOSIALE WETENSKAPPE?

Die vak Sosiale Wetenskappe bestaan uit Geskiedenis en Geografie. Beide Geskiedenis en Geografie moet gedurende elke kwartaal van die skooljaar onderrig en geassesseer word. Alhoewel die twee dissiplines apart gehou word, is hierdie kurrikulum ontwerp om die kennis (inhoud, vaardighede en konsepte), soos uiteengesit in elk aan te vul.

Assesseringspunte moet afsonderlik vir elke vak op die skool se verslae getoon word - ‘n punt vir Geskiedenis en ‘n punt vir Geografie. Hulle moet dan saamgevoeg word en deur twee gedeel word om ‘n gemiddelde punt vir Sosiale Wetenskappe te gee.

Hierdie Sosiale Wetenskappe-kurrikulum is daarop gerig om geleenthede vir leerders te verskaf om na hul eie wêrelde met vars, kritiese oë te kyk en dalk nog belangriker is dit daarop gemik om leerders aan ‘n wêreld buite hul alledaagse werklikhede bekend te stel. Skole moet spesiale plekke vir leerders wees om hulle met kennis, waartoe hulle andersins nie sou toegang hê nie, toe te rus.

Leerders word opgelei om te spekuleer, te debatteer, konneksies te maak, te kies, te prioritiseer en om te volhard in die aanpak van die werklike kwessies en belangrike vrae.

KWARTAAL 1

Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe in die 14de eeu

Kaartvaardighede (Fokus: Plaaslike kaarte)

KWARTAAL 2

Die Trans-Atlantiese Slawehandel

Aardbewings, vulkane en vloede

KWARTAAL 3

Kolonisasie van die Kaap in die 17de en 18de eeu



Bevolkingsgroei en veranderinge (Fokus: Die wêreld)



KWARTAAL 4

Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu

Natuurlike hulpbronne en bewaring in Suid-Afrika